

25 Desember

Skrifgedeelte: Lukas 1:26-38

Fokusgedeelte: Lukas 1:35

Jesus is God se Seun

In ons Skrifgedeelte word die agtergrond gegee van die Seun van God se geboorte as mens. By die geboorte van Jesus het geen gewone man 'n rol gespeel nie, want Jesus is God se Seun. Sy buitengewone geboorte, wonders, lyding aan die kruis, opstanding uit die dood en hemelvaart bevestig dit.

Talle mense het destyds - soos ook vandag - ontken dat Hy God se Seun is. Selfs toe Jesus onder eed verklaar het dat Hy werklik God se Seun is, wou die destydse leiers Hom nie glo nie (Matt 26:63,64). Hy is gekruisig omdat Hy gesê het dat Jesus God se Seun is. Vir talle mense was dit godslasterlik om so-iets te beweer. Hulle het dit nie geglo nie.

In die Bybel kry ons twee groepe wat wel erken dat Hy die Seun van God is. Die een groep is die duiwel en sy volgeling (Matt 4:3,6; 8:29), maar die duiwel wil nie hê dat mense hierdie waarheid sal erken nie. Om die rede verlei hy mense met leuens sodat hulle nie erken dat Jesus God se Seun is nie.

Die tweede groep wat erken dat Jesus wel God se Seun is, is Jesus se dissipels en volgeling (bv Matt 14:33). Vandag nog erken mense hierdie waarheid alleen wanneer dieselfde Gees wat oor Maria gekom het, mense se blinde oë oopmaak vir die waarheid en hul harte daarvoor ontvanklik maak.

Sing: Skrifberyming 4:1,3,4 Ds EJ de Beer (Laeveld)